

Skriflesing: Mark 10:13-16

Tema: Glo soos 'n kind.

Markus 10 vertel van 'n besige dag in vir Jesus en sy dissipels se lewens. Mense probeer om 'n paar kindertjies na Jesus toe te bring sodat Hy hulle kan seën. Hierdie was waarskynlik kleiner kinders of selfs babas.

Die dissipels het die ouers goed laat verstaan dat Jesus te besig en te belangrik is vir hierdie lastige en onbelangrike kindertjies. Geen ordentlike Joodse man het in elk geval in die openbaar aandag gegee aan vroue en kinders nie, beslis nie 'n rabbi nie.

Die kinders was net 'n oorlas en 'n onnodige steurnis. Kan die ouers nie sien dat Jesus met belangriker sake as kinders besig is nie? Hy is besig met grootmens goed. Hy het nie tyd omop kindertjies te mors nie!"

Jesus is verontwaardig omdat sy dissipels met die mense raas. Hy het hulle kwalik geneem omdat hulle kinders geringskat en minag.

Hy sê in Mark 10:14: "“Laat die kindertjies na My toe kom en moet hulle nie verhinder nie, want die koninkryk van God is juis vir mense soos hulle.”"

Jesus het gekom vir almal. Hy het kinders lief. Hy laat Homnie bind deur die sosiale norme van sy tyd wat kinders gering ag nie. Kindertjies mors nooit Sy kosbare tyd nie. En Hy het seker gemaak dat Sy dissipels hierdie boodskap duidelik verstaan.

Verstaan ons as kerk en ouers hierdie boodskap? Die jeug is nie die kerk van die toekoms nie. Hulle is nou saam met ons kerk.

Baie mense vra na jeugbediening in gemeentes en dit is belangrik dat ons dit 'n prioriteit bediening sal maak. Maar om kinders na Jesus te bring, begin nie by kategeese, jeugaksies of by skool nie, maar by hulle huis. 'n Hele paar gelede was daar 'n ondersoek in Amerika gedoen wat getoon het dat 86% van bekerings gebeur voor die ouderdom van 14 jaar. Deur 'n ouer of ouers of ander familielid moet kinders na Jesus gebring word sodat Hy sy arms om die kindertjies kan sit, Sy hande op hulle koppe kan lê en hulle kan geseën. Daarvoor sal ons, as die Here wil, volgende Sondag gesels.

Die belangrike geloofsles wat Jesus vandag, deur kinders, vir ons wil leer vind ons in Mark 10:15: "Dit verseker Ek julle: Wie die koninkryk van God nie soos 'n kindjie ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie."

Hoe ontvang 'n kindjie die koninkryk van God? Wat het kinders wat volwassenes verloor het?

Natuurlik het kinders nie volwassenheid of ervaring hê nie, dit kom met tyd. Ek dink ook nie Jesus het oor onskuld of gehoorsaamheid gepraat nie. Dit neem kindertjies nie lank om allerhande maniere uit te dink om ongehoorsaam te wees nie. Ek glo die van julle wat kinders het, sal weet waarvan ek praat.

Jesus se rede vir fokus op kinders moet ook gesoek word in die gebeure rondom hierdie paar verse wat ons gelees het. Hier is 'n magstryd of -gesprek onder sy dissipels aan die

gang oor wie die belangrikste is. By Lukas word die gedeelte oor die seën van die kinders onmiddelik voorafgegaan deur die gelykenis van die Fariseër en die Tollenaar waarna ons nou sal terugkom.

By al drie evangelies word die gedeelte oor seën van kinders gevolg deur die verhaal van die ryk jongman wat wil weet wat hy moet doen om die koninkryk te beërwe. Hy sien nie kans sien om soos 'n kind op Jesus alleen te vertrou nie.

Dit bring ons terug by ons vraag: Hoe is 'n kind – hoe ontvang ons die Koninkryk van God soos 'n kind?

1. Ons sien in die eerste plek dat 'n kind klein is. Hoe klein is jy?

Hoe klink jou gebed?

In Luk 18:9-14 lees ons die gelykenis van die Fariseer en die Tollenaar.

Die Fariseër het gaan staan en by homself so gebid: “O God, ek dank U dat ek nie soos ander mense is nie: diewe, bedrieërs, egbrekers, en ook nie soos hierdie tollenaar nie. Ek was twee keer in die week en ek gee 'n tiende van my hele inkomste.”

“Maar die tollenaar het daar ver bly staan en wou selfs nie na die hemel opkyk nie. Hy het bedroef op sy bors geslaan en gesê: ‘O God, wees my, sondaar, genadig.’

Spog jy voor die Here of bid jy nederige, afhanklike gebede?

Ons moet ook soos Johannes getuig en bid. Johannes het die weg vir Jesus kom voorberei. Baie mense het hom gevolg en na hom gekom om gedoop te word.

Ons lees in Joh 3:26-30 dat mense vir Johannes sê dat almal nou na Jesus toe gaan. Dan antwoord Johannes: “Ek is nie die Christus nie. Ek is maar net voor Hom uit gestuur” en Johannes bid: “Hy moet meer word en ek minder.”

Kan jy, saam met Paulus, in die woorde van Gal 2:19-20 bely: “ek is saam met Christus gekruisig,²⁰ en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe.”

As dit vir jou regtig oor Christus gaan en nie oor jouself nie, dan is jy klein.

2. 'n Kind is afhanklikheid en leef in die hier en nou.

Klein kinders is 100% afhanklik van hul ouers vir beskerming, kos, klere en liefde. Hulle is nie bekommerd oor ander goed soos politiek, oor wie belangrik is en wie nie ens.

Dink byvoorbeeld aan 'n twee- tot driejarige kindjie: so 'n kindjie moet die heelyd na jou toe opkyk ... al kan hulle by die kombuisvryer uitkom of selfs yskaste oopmaak, kan hulle steeds nie 'n broodjie smeer of kos maak nie. Ouers moet hulle versorg. Hulle is afhanklik van volwasse mense se versorging.

Vir hulle maak dit nie saak of daar môre kos en klere sal wees nie, o nee, al waarin hulle belangstel, is om hêr en nou versorg en liefgehe te word.

Hulle is ook nie gepla of dit warm of koud buite is nie – dit is jôu verantwoordelikheid om namens hulle daardie besluit te neem. Kindertjies vertrou jôu om die regte keuses en besluite namens hulle te maak.

Daarom sê die Here Jesus dan ook dat ons wat só, soos hierdie kindertjies, 100% afhanklik van God se versorgende liefde en genade is, in die koninkryk van van God sal ingaan.

Kinderlike afhanklikheid beteken onder andere dat ons ons nie sal bekommer nie. Dit is glad nie so maklik om gehoorsaam te wees aan sy opdrag in Matt 6:31-33 nie: “Julle moet julle dus nie bekommer en vra: ‘Wat moet ons eet of wat moet ons drink of wat moet ons aantrek?’ nie. ³²Dit is alles dinge waaroor die ongelowiges begaan is. Julle hemelse Vader weet tog dat julle dit alles nodig het. ³³Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee.”
Wie van julle kry dit reg om in sulke afhanklikheid van die Here te leef?

3. ‘n Kind vertrou maklik.

Ons is baie wantrouig ...

’n Kind trek nie sommer jou woord maklik in twyfel nie ... hulle glo en volg onvoorwaardelik. Omdat hulle vertrou, is dit nie vir ’n kind belangrik om alles te verstaan nie.

En die Here Jesus wil hê dat ons met hierdie soort kinderlike vertrou in Hom moet glo. Dit is geen probleem as ons alles navors en ondersoek en deurdringende vrae te vra nie. Maar ons sal nooit al die geheime van die skepping begryp nie. Ons sal nooit die wil en plan van God voluit verstaan nie. Die belangrikste is om op Hom te vertrou, om Sy leiding en heerskappy te aanvaar.

Dit gaan hier oor die hart van die evangelie – vertrou in God en aanvaar Sy geskenk van verlossing uit genade en liefde.

Leef jy in totale afhanklikheid van die Here of hou jy nog aan jou eie sekuriteite vas? Vertrou jy Hom en dat sy liefde en genade genoeg is of probeer jy ook iets bydra?

Mooi voorbeeld van ons sukkel hiermee, is wanneer mense sê dat babas nie gedoop mag word nie, omdat hulle nog nie verstaan.

Ons sing in Lied 190:2 so mooi oor dit waarin ons moet vertrou:

In genade, groot en ryk, bou U, Heer, u koninkryk.

Voordat ek kon kies, kon vra, het u Seun my vloek gedra.

Ek kon vind: U't my gekry voor ek nog my skuld bely.

Die Here omhels ons voor ons nog as hulpelose babas in ons ouers se arms lê. Hy is lief vir ons terwyl ons nog sy vyande is. Hy seën, al het ons nie ’n idee waaroor dit gaan nie. In die doopformulier staan dit so mooi: “Al verstaan die kinders nog nie die doop nie, verander dit niks aan die geldigheid daarvan vir hulle nie. Trouens dit beklemtoon juis die feit dat dit God is wat uit vrye genade ook in hulle geval die insiatief in hulle verlossing neem.”

Die Here het ons verlede week by nagmaal herinner dat Hy aan ons kant is. God het, deur Jesus Christus reeds alles gedoen sodat ons kan deel in sy triomftog en kan leef onder die triomfboog van die kruis.

Jesus was verontwaardig toe die dissipels wou keer dat mense hulle kinders na Hom bring, juis omdat Hy weet dat die evangelie van God se genade en sy liefde vir almal hier op die spel is. Mag die Here ons, veral in hierdie deurmekaar tye, help om kinderlik aan Hom vas te hou en om klein, afhanklik en vol vertrou, soos ’n kind, te glo.

Amen